PERSOONLIKE NOTAS

Wanneer Jesus Christus Koning in jou hart is is die gevolg, **GEREGTIGHEID, VREDE** en **BLYDSKAP** in die Heilige Gees (Rom. 14:17).

## Lesing 2: Die Oorspronklike Mens en die Sondeval

*"En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld na Ons gelykenis, en laat hulle heers…" Gen. 1:26*

### Die Mens Voor die Sondeval

Voordat die sondeval plaasgevind het, was die mens **primêr 'n geeswese.** Hy het 'n siel gehad, die setel van sy **wil, emosies, verstand, talent en persoonlikheid,** en hierdie twee het in 'n liggaam gewoon. Hierdie rangorde was nie toevallig nie; dit was deel van God se skeppingsontwerp.

Die Skrif sê in Génesis 1:26 dat die mens geskape is na die beeld en gelykenis van God. Omdat **God Gees** is (Joh. 4:24), beteken dit dat die mens se **gees** die deel van hom is wat die beeld van God dra. Dit is deur hierdie gees dat die mens sy Skepper kon ken, verstaan en geniet.

Die gees van die mens was dus die **kanaal van kommunikasie tussen God en mens.** Wanneer die gees deur die Heilige Gees gevul is, het daar 'n voortdurende interaksie, *fellowship* en gemeenskap tussen Skepper en skepsel plaasgevind. Die gees het die **lewe van God** bevat. Daarom het die mens God deur sy gees aanbid en gedien.

Die mens het inderdaad in **twee dimensies** geleef.

- Met sy **gees** het hy vertikaal, Godwaarts geleef.
- Met sy **siel** en liggaam het hy horisontaal, aardwaarts geleef.

Hierdie balans het beteken dat die mens **se geespotensiaal, sielpotensiaal** en **liggaamspotensiaal** ten volle ontwikkel en funksioneel was. Die mens het met God gewandel, soos ons in Génesis sien.

Hy was 'n **geeswese met 'n volkome siel** wat in 'n liggaam gewoon het wat as **instrument van geregtigheid** gedien het. In hierdie toestand het die mens God verheerlik. Hy was **Godaktief, Geesgedrewe** en **produkdoeltreffend.**

Die woord en wil van God wat in sy hart geleef het, het verseker dat hy die beeld van God gedra het. Die beginsel van saai en maai was reeds teenwoordig:

*"Moenie 'n fout maak nie. God laat nie met Hom spot nie. Wat mense saai, sal hulle ook maai! Hulle wat op die land van hulle sondige geaardheid saai, sal op die grond daarvan die dood oes, terwyl hulle wat op die land van die Gees saai, op grond daarvan die ewige lewe sal oes. Moet dus nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie tou opgooi nie, sal ons op die regte tyd oes." Gal. 6:7-9, NLV.*

Wat in die hart gesaai word, word uiteindelik karakter, geaardheid en lewe.

**Die Twee Bome en die Groot Keuse**

In die tuin van Eden was daar geen gebrek nie. Die mens kon **vrylik van die Boom van Lewe eet.** Daar was geen verbod op hierdie vrug nie. As die mens aanhou eet het van die Lewe van God, sou hy vir **ewig in daardie Lewe bly wandel het.**

Maar in Génesis 3 hoor ons skielik 'n **ander stem** in die tuin.

Die vyand stel 'n **alternatiewe plan** voor om *"soos God"* te wees sonder God. In plaas daarvan dat die mens deur gemeenskap met God leef, stel die slang voor dat die mens **deur kennis** soos God kan word.

*"Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry ..." Gen. 3:4-6*

Let op die vyand se strategie: hy verskuif die fokus van 'n **geestelike lewe** na 'n lewe deur **verstandskennis**.

Die mens word verlei om te glo dat hy deur **die verstand** kan bereik wat slegs deur **die gees** moontlik is.

**Woorde van Gees en Lewe**

Jesus verklaar later hierdie beginsel baie duidelik:

*"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Matt. 4:4*

En verder:

*"Die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe." Joh. 6:63*

God se oorspronklike plan was eenvoudig: die mens moes **woorde van gees en lewe eet**.

Deur hierdie woorde sou die mens vir ewig in die **Beeld en Lewe van God** wandel. Maar die mens kies 'n ander pad: **die Boom van Kennis van Goed en Kwaad.**

Die gevolg was dat die mens probeer het om deur **reëls, wette en standaarde** soos God te wees. Dit is die geboorte van **godsdiens**, 'n poging om deur menslike metode te bereik wat slegs deur Lewe uit God moontlik is.

**Die Gevolg van die Verkeerde Vrug**

Wat was die gevolg van hierdie verkeerde keuse?

**PERSOONLIKE NOTAS**

As die **ego of eie-ek** baas is in jou lewe, met ander woorde, die **vlees** word dit sigbaar in die werke van die vlees (Gal. 5:19-21)

PERSOONLIKE NOTAS

Geestelike dood. Ons lees in Spreuke 20:27 'n belangrike beginsel:

*"Die gees van die mens is 'n lamp van die Here…"*

Die sondeval het hierdie **lamp uitgedoof.**

Die heerlikheid waarmee Adam en Eva omring was, het verdwyn. Waar daar eens **lig en heerlikheid** was, was daar nou **naaktheid en duisternis.**

*"Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." Rom. 3:23*

Die potensiaal van die mens was nie vernietig nie, maar die **kragbron** was afgesny.

Dit is soos 'n huis vol elektriese toerusting sonder elektrisiteit. Die toestelle is daar, maar sonder krag is hulle nutteloos.

So het die mens se **gees dormant geword**. Die kommunikasielyn tussen God en mens is gebreek.

**Die Sielsmens**

Omdat die gees dormant geraak het, het die **siel die leiding begin neem.**

Die Bybel noem hierdie toestand die **natuurlike mens.**

*"Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie…" 1 Kor. 2:14*

Die woord **NATUURLIKE MENS** beteken letterlik **sielsmens.** Hierdie mens leef vanuit sy verstand, emosies en wil en nie vanuit sy gees nie.

Sinonieme vir hierdie toestand is:

- die vlees
- die ou mens
- die sondige natuur
- die eie-ek
- die ego
- die self-lewe

Dit **verwys nie na die liggaam nie,** maar na 'n siel wat nie onder die heerskappy van die gees staan nie.

**Die Siek Siel**

Die Skrif beskryf die toestand van die siel ná die sondeval in baie duidelike taal:

*"My siel kleef aan die stof…" Ps. 119:25*

*"My siel drup weg van kommer…" Ps. 119:28*

*"Lei my siel uit die benoudheid…" Ps. 143:11*

Paulus beskryf dit verder:

*"Hulle verstand is verduister…" Ef. 4:17-18*

Die verstand is verduister omdat die gees dormant is.

*"…hulle verstand sowel as hulle gewete is besoedel." Titus 1:15*

Die gevolg is:

- selfgesentreerdheid
- emosionele chaos
- geestelike onkunde

En tog bly daar in die mens 'n **soeke na God.**

Maar omdat die bron verkeerd is, probeer die mens God bereik deur **kennis, prestasie en godsdiens.**

**Die Twee Leefwyses**

- Voor die sondeval was die mens: **geesaktief;** hy het in God se werk gerus.

- **Na die sondeval word die mens: sielsaktief;** hy probeer presteer vir God se guns.

Hierdie kennis kan selfs gevaarlik word.

*"Die kennis maak opgeblase…" 1 Kor. 8:1*

Maar die oplossing is nie meer kennis nie. Paulus gee ons wyse raad wanneer hy sê:

*"Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie." Gal. 5:16*

**Opsomming**

Voor die sondeval was die mens primêr 'n geeswese wat in volmaakte gemeenskap met God geleef het. Deur sy gees het hy God geken en aanbid, terwyl sy siel en liggaam die lewe van God na die aarde toe uitgedra het. In die tuin van Eden het die mens egter 'n keuse gehad tussen die Boom van Lewe en die Boom van Kennis van Goed en Kwaad. Toe die mens die verkeerde vrug kies, het geestelike dood ingetree: die gees het dormant geraak en die siel het begin regeer. Die gevolg was dat die mens van God vervreem geraak het en begin het om Hom deur kennis, prestasie en godsdiens te probeer dien.

**PERSOONLIKE NOTAS**

*"Want die wat **VLEESLIK** is, bedink vleeslike dinge, maar die wat **GEESTELIK** is geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die gees bedink is **LEWE** en **VREDE.** Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is… en die wat in die vlees is kan God nie behaag nie…" Rom. 8:5-8*

**Besprekingsvrae**

1. Wat was die mens primêr voor die sondeval?

2. Waarom kan die mens met God kommunikeer?

3. Wat was die rol van die mens se gees voor die sondeval?

4. Watter twee dimensies het die mens beleef?

5. Wat het die slang in die tuin voorgestel?

6. Wat is die verskil tussen die Boom van Lewe en die Boom van Kennis van God en Kwaad?

7. Wat was die gevolg van die verkeerde keuse?

8. Wat het met die mens se gees gebeur na die sondeval?

9. Wat is die *"natuurlike mens"* volgens Paulus?

10. Wat is die oplossing volgens Galásiërs 5:16?

**Besprekings Antwoorde**

1. ‘n Geeswese met ‘n siel wat in ‘n liggaam woon.

2. Omdat sy gees na die beeld van God geskape is. God is Gees. Gees is God se kommunikasielyn.

3. Dit was die kanaal waardeur *fellowship* met God plaasgevind het.

4. Die geestelike dimensie (vertikaal) en die aardse dimensie (horisontaal).

5. Dat die mens deur kennis soos God kan word sonder God.

6. Lewe kom deur God se Gees; kennis kom deur die verstand.

7. Geestelike dood.

8. Dit het dormant geword.

9. Die sielsmens wat nie die dinge van God verstaan nie.

10. Om deur die Gees te wandel.